# GOD HET Ń WONDERLIKE PLAN VIR JOU LEWE

Handelinge 7:54-8:3



[54] Toe hulle dit hoor, was hulle woedend in hulle harte en het hulle op hulle tande begin kners oor hom. [55] Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het stip na die hemel gekyk en die heerlikheid van God gesien, en Jesus wat aan die regterhand van God staan. [56] En hy het gesê: “Kyk, ek sien die hemele geopen en die Seun van die Mens aan die regterhand van God staan.” [57] Maar hulle het luidkeels geskreeu, hulle ore toegedruk en soos een man op hom afgestorm.

Handelinge 7:54-8:3

[58] Nadat hulle hom uit die stad uitgesleep het, wou hulle hom stenig. Die getuies het hulle boklere neergesit by die voete van 'n jong man bekend as Saulus. [59] En hulle het Stefanus gestenig, terwyl hy uitroep: “Here Jesus, ontvang my gees!” [60] Hy het op sy knieë geval en met 'n harde stem uitgeroep: “Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie!” En met dié woorde het hy ontslaap.

Handelinge 7:54-8:3

8:1 Saulus het die moord op Stefanus goedgekeur. Op daardie dag het daar 'n hewige vervolging teen die gemeente in Jerusalem ontstaan, en almal behalwe die apostels is deur die streke van Judea en Samaria verstrooi. [2] Vroom manne het Stefanus begrawe en uitermate oor hom gerou. [3] Maar Saulus het die gemeente probeer uitroei deur huis ná huis binne te dring, mans sowel as vroue na buite te sleep, en hulle in die tronk te laat gooi.

Handelinge 7:54-8:3

# 1. God se Storie

“[13] Hulle het ook vals getuies na vore laat kom wat verklaar het: “Hierdie man hou nie op om teen hierdie heilige plek en die wet te praat nie. [14] Ons het hom hoor sê, ‘Hierdie Jesus van Nasaret sal hierdie plek afbreek en die gebruike verander wat Moses aan ons oorgelewer het.’

Handelinge 6:13-14

[48] Die Allerhoogste woon egter nie in tempels wat met hande gemaak is nie, soos die profeet sê: [49] " 'Die hemel is my troon, en die aarde die voetbank vir my voete. Watter soort huis sal julle vir My bou, sê die Here, of waar is my rusplek? [50] Het my hand nie al hierdie dinge gemaak nie?'

Handelinge 7:48-50 (Ps 110:1)

1. God se Storie
2. Die Seun van die Mens

[13] “Ek het in die nagtelike visioene gesien: “Kyk, met die wolke van die hemel was iemand aan die kom wat soos 'n mensekind was; tot by die Oue van Dae (God) het hy gekom, voor Hom is hy gebring. [14] Aan hom is heerskappy, eer en koningskap gegee – alle volke, nasies en taalgroepe dien hom. Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy wat nie verby sal gaan nie, en sy koningskap is so dat dit nie vernietig sal word nie.

Daniël 7:13-14

[12] Ek het omgedraai om te sien wie se stem dit is wat met my praat. Toe ek omdraai, het ek sewe goue kandelare gesien, [13] en in die middel van die kandelare, iemand net soos die Seun van die Mens. Hy het 'n kleed wat tot op die voete hang, gedra, met 'n goue band wat om sy bors vasgebind was. [14] Sy kop en hare was so wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vlammende vuur. [15] Sy voete was net soos gloeiende koper in 'n rooiwarm oond, en sy stem soos die gedruis van baie waterstrome.

Openbaring 1:12-18

[16] In sy regterhand het hy sewe sterre gehou, uit sy mond het daar 'n skerp swaard met twee snykante gekom, en sy gesig was soos die son, wat in al sy felheid skyn. [17] Toe ek Hom sien, het ek voor sy voete neergeval soos 'n dooie, maar Hy het sy regterhand op my gelê en gesê: “Hou op om bang te wees – Ek is die Eerste en die Laaste [18] en die Lewende. Ek was dood, maar kyk, Ek leef vir ewig en ewig; ook hou Ek die sleutels van die dood, en van Hades.

Openbaring 1:12-18

[61] Maar Hy het stilgebly en niks geantwoord nie. Die hoëpriester vra Hom toe weer: “Is jy die Christus, die Seun van die Lofwaardige?” [62] Jesus antwoord: “Ek is! En “julle sal die Seun van die Mens sien sit aan die regterhand van die Magtige, en sien kom met die wolke van die hemel.”

Markus 14:61-62

1. God se Storie
2. Die Seun van die Mens
3. Natuurlike Vervolging

